Mr Devar Pillay.

One of the positive responses about PeopleSoft comes from Mr Devar Pillay. Not only is he positive about this system but he also sees the implementation thereof as one of the highlights of his career at the university. Mr Pillay is working at the applications section on the Main Campus in the Division: Student Academic Services.

He started at the university in March 2003. During his short career at the university Mr Pillay also had the opportunity to serve on the project team responsible for the implementation of the PeopleSoft system. "The implementation of PeopleSoft was very difficult. Although we received a good number of complaints, this system is good for the university. It is developed to suit the needs of the university," he said. His computer background geared him to assist many staff

members with the problems they experience with the system.

Mr Pillay has a National Higher Diploma in IT as well as a teaching degree which he respectively obtained from a private college and the Central University of Technology in Bloemfontein. He is busy with his second year masters in Public Administration.

Prior to him starting at the university, he was a lecturer at a private college in Bloemfontein. However, Mr Pillay exchanged the classroom for the office. "I needed the change and the university is a good environment to be working in with great opportunities to further your career. I would like to some day get back to lecturing. You have the opportunity to touch people's lives," he said. He also lectured at a private college in Qwaqwa.

Mr Pillay caught a glimpse of the Institutional Charter. "Such a charter is always a good thing for a university. Equity is an important part of the development of a university; it is a good way forward. The charter also gives the institution the opportunity to put policies in place to achieve the diversity it strives towards," Mr Pillay said.

Although Mr Pillay mastered PeopleSoft, he believes that any environment has its challenges. He said: "In any environment there is always a struggle, especially if there are changes." His biggest challenge for now is juggling his work, studies and social life. Mr Pillay, still single, mentioned that there are some possibilities for a lady in his life but his studies are receiving priority for now. "My free time equals time for studies," he says.

When there is a spare moment this great Sharks supporter enjoys watching a game of rugby, cricket or playing soccer.


Mr Pillay said: "Our culture is an important part of our beliefs and values system. Although hard work, dedication and being sincere are important values, love of one self is more important. This enables you to interact with other people and to understand them," he said.

His Indian culture, traditions and religion are also important to him. One part of the Indian culture is food, referring to the spices and curries. On occasion he has prepared a curry dish for his colleagues at work.

Mr Pillay is originally from a small town, Mooiriver, outside Pietermaritzburg. His family still lives there. When he misses his family, the Indian society of Bloemfontein, of which he is the chairperson, gives him the opportunity to engage with other Indian people.

Spanwerk betaal

Negentien van die ondersteuningspersoneel wat in die Hoofgebou op kampus werk, het 'n spanbou op 'n plaas net buite Rouxville meegemaak. Almal het entoesiasties deelgeneem aan aktiwiteite soos vlotvaart op die Oranjerivier, stap, perdry, vlugbal en ander spelletjies. Personeel het ook van die geleentheid gebruik gemaak om mekaar beter te leer ken in 'n omgewing weg van die kantoor. Hier het twee van die vier vlotte gehaak en deur 'n groot spanpoging saam die eindpunt behaal.



Wat sal jou gelukkiger maak?

'n Lekkerrus wegkomkans

'n Sorgvrye aftrede

Met Sanlam Topaz kan ek jou help om vooruit te beplan vir 'n sorgvrye aftrede. En wanneer jy die gemoedsrus het dat jy voorsiening gemaak het vir 'n voldoende neseier, sal jy presies weet hoe jy jouself kan bederf met dit wat jy nou wil hê. Gesels vandag nog met my oor 'n pasgemaakte aftreepplan. Ons dink vooruit. En jy?

Ek bied jou ook 'n reeks pasgemaakte oplossings wat kan help dat jy 'n vervulde lewe lei:

- Beleggingsbeplanning
- Risikodekking
- Beplanning vir opvoeding



Ben Opperman

Senior Onafhanklike Finansiële Adviseur

051 407 8156

082 457 2240

benoprnmn@intekom.co.za

5 Minute



Oor dorings en bulle. Hef aan!

Morning! Dumela! Dagsê! Welcome back although we are already two months into term! Everybody started with a bang and as I can see all around me the audit and the assessment courses kick started a lot of revisiting, rethinking of module contents and new assessment plans. It's a good thing! Everybody seems to be aligned into thinking fresh and new.

Die Groot Manifes het ook nuwe impuls gebring en woelige gesprekke word gevoer om die dokument. Onthou tog mense dis net die visie waar ons wil heen en waarvoor ons wil staan met transformasie. Die implimenteringplanne waarvoor sommige ongeduldiges nou dringend soek sal spoedig volg! In the mean time the students have long gone by moving forward and solved their problems regarding transformation. Dis ons ou mense wat nog sukkel om bagasie af te skud. Allerhande faktore speel in op die noodsaak van so 'n dokument.

Ek sê mos nog altyd daar is praters en doeners op ons ou plekkie. Die praters is meestal ook die briekvasmakers en herinner my aan die ou oom in die tagtig wat die dokter besoek het. "Hoe lank rook oom nou al?" "Ag boetie, sins my dertiende verjaarsdag toe my pa my eerste pyp gestop het teen die Groot Griep" "Maar dink oom nie op tagtig kan oom nou maar die Springboktwakkies los nie?" Met die kéék die ou oom hom so en sê: "Boetie! Nie sommer in hiërdie lewe nie!" So sal jy mense kry wat nie in hierdie lewe 'n move sal maak nie!

Dis hulle, reken 'n vriend van Bultjie, wat net kan reflekteer (lees praat en skryf) oor ander mens se aksies (lees doeners wat nuwe idees of dinge skep) Die vriend reken dit het iets met Bloom se kognitiewe skale te make. Die praters is gou een vlak laer as die skeppers van nuwe idees en patente. Nou dis nogal vir Bultjie snaaks! Ek dag ook 'n universiteit se mense moet op die boonste skaaltjie opereer! Maar dis 'n doring wat mens maar bietjie versigtig moet probeer ontwikkel uit tere velletjies! Of hoé?

I'll leave it at that. Bultjie doesn't want to be as irritating as those other "bultjies"

that we must drive over every time we enter or leave through the gates! Who's got shares in Gabriel Shock Absorbers and/or Firestone Tyres on campus? Beware! My private investigation team, the Smile Detectors are looking into the matter! The first databank of evidence is currently being analysed. Our Smile Detectors are checking for grinning or smiling faces on the automatic cameras at the gates. You smile after driving over those horrible upturned tyre and shock destroyers and "Wham!" we've got your face and license plate number in the can! Voila! Shareholder! The secret branch of the Smile Detectors, the Silent Snakes will deal with you. They never say when

or how, but they promise me that you will notice!

Maar hulle reken dit stop die kardiëwe. Hoop so! Ons verduur dit maar soos ons diefwering by die huise verduur. Ernstig nou vriende, maak tog seker dat jy iewers in jou huis daardie diefwering kan oopsluit om van binne na buite te kan ontsnap indien daar 'n brand in die gang uitbreek! Ons is nou al so ingehok dat ons 'n gevaar vir onself begin word het. Selfs al breek daar hopelik nooit so 'n krisissituasie op nie is dit tog handig as jou skoonma kom kuier!

Bultjie

Academic delivers inaugural lecture on smart nutrition



Attending the lecture were, from the left: Prof. Letticia Moja, Dean of the Faculty of Health Sciences at the UFS, Prof. Dannhauser and Prof. Frederick Fourie, Rector and Vice-Chancellor.

Prof. André Dannhauser, head of the Department of Nutrition and Dietetics in the Faculty of Health Sciences at the UFS delivered her inaugural lecture "Smart nutrition: A challenge for health and wellness". She said: "Optimal health is determined by genetics, nutrition and lifestyle. The fact that the DNA

blueprint of an individual in combination with nutrition and lifestyle factors holds the key to unlocking health and well-being, brings a new dimension in preventative medicine." Prof. Dannhauser encourages people to take action and become smart people, practice smart nutrition and live smart lifestyles.

USA visitors show interest in management of Asian soybean rust

The Centre for Plant Health Management (CePHMa) in the Department of Plant Sciences hosted five visitors from the United States of America (USA). The contingent included three Virginia Cooperative Extension agents and two faculty members from the Department of Plant Pathology, Physiology and Weed Science at Virginia Tech's College of Agriculture and Life Sciences.

Prof. Wijnand Swart, Chairperson of CePHMa in the Department of Plant Sciences said: "The visit forms part of a 17-day trip to South Africa funded by the USA Department of Agriculture. The grant entitled: *Development of an International Center in South Africa for Studies in Agriculture and Related Life Sciences*, aims to boost the relationship between Virginia Tech and the UFS by expanding opportunities for collaborative research, teaching, outreach, and student exchange activities in Southern Africa. The grant strengthens the close relationship between the UFS and Virginia Tech. This relationship was created in 1997 when an exchange programme was established that has provided significant international experience to dozens of students and faculty members from both institutions."

The visitors are especially interested in learning how South African farmers man-

age Asian soybean rust, a potentially devastating disease that was recently discovered in Virginia for the first time. South

African farmers have been fighting Asian soybean rust since 2000, when the disease was recorded here for the first time.



From the left are: Prof. Sakkie Pretorius, Chairperson, Department of Plant Sciences, UFS, Mr Matthew Lewis, Virginia Co-operative Extension, Ms Mary Ann Hansen, Department of Plant Pathology, Physiology and Weed Science, Virginia Tech, Prof. Swart, Ms Robyn Whittington, Virginia Cooperative Extension, Prof. Schalk Louw, Department of Zoology and Entomology, UFS, Prof. Erik Stromberg, Department of Plant Pathology, Physiology and Weed Science, Virginia Tech, Dr James Allemann, Department of Soil, Crop and Climate Sciences, UFS, Mr David Moore, Virginia Cooperative Extension, and Prof. Neal McLaren, Department of Plant Sciences, UFS.

Faculty of Natural and Agricultural Sciences meets with SAATA

The annual congress of the South African Agricultural Teachers Association (SAATA), held on the Paradys Experimental Farm of the Faculty of Natural and Agricultural Sciences, was attended by principals and deputy principals of agricultural schools across the country. Discussions also took place between the faculty and SAATA. One of the decisions was that participation in the annual national Youth Show will in future be part of the practical marks in the final exam of Grade 12 learners. The Youth Show is presented on the Paradys Experimental Farm.

At the congress were, from the left: Messrs Gerrit Viljoen, Chairperson of SAATA, Jannie van den Heever, representative from Limpopo, Bennie Trollip, Department of Education, Free State, and Prof. Herman van Schalkwyk, Dean: Faculty of Natural and Agricultural Sciences at the UFS.



Adhere to policy regarding LOTTO applications

The UFS put together a policy in 2003, detailing the correct procedure to follow when undertaking general fundraising activities. The aim of this policy is to amongst others avoid confusion or duplication of fundraising activities in different faculties or departments on campus, to guarantee strong, continuous relationships between the university and existing donors and to gain support from new donors.

This policy was expanded to accommodate the strict guidelines set by the National Lotteries Board. The National Lotteries Board could potentially be a valuable source of funding for UFS projects (charity, arts, culture, national heritage, sport and recreation).

Dr Ivan van Rooyen, Director: UFS Marketing, said: "Much stricter control and co-ordination are necessary with regard to applications to the National Lotteries Board. No applications for funding of any UFS projects may be submitted to the National Lotteries Board without central co-ordination and pre-approval. According to the approved policy, all fundraising projects must be registered with the Corporate Liaison Office within UFS Marketing."

The National Lotteries Board has a number of strict guidelines which necessitates this arrangement. All the applications made by one institution in a specific category (e.g. sport and recreation), even if it is for many different projects, must be submitted on one application form. Digression from this requirement, may result in all applications from that institution being disqualified from a specific category. If an award has been made, the institution will not receive any further awards in the same category, until the project has been completed and all reports have been submitted (this was not part of the policy before, but a recent UFS application was turned down on these grounds). If the progress reports for a project are not up to date, no further awards will be considered.

The Executive Management has decided that the existing fundraising policy must be applied rigorously with regard to all applications to the National Lotteries Board. A special committee, in consultation with the rector, will decide which applications will be submitted to the Lotteries Board for funding. The needs of all faculties/departments will be taken into consideration and will be selected according to the university's priorities. The Corporate Liaison Office will coordinate all funding applications to the National Lottery.

China university wants to collaborate with UFS

Prof. Francois du Toit from the Changchun Medical College, Changchun University in the Jilin Province of the People's Republic in China visited the School of Nursing at the UFS. The aim of his visit was to explore collaboration between the institution and the UFS. The intention is to exchange lecturers and students and thus also academic and practical

knowledge between the two universities. The college offers programmes in medical sciences, nursing, and traditional Chinese health. They also specialise in traditional Chinese medicine, herbs, acupuncture and special massages. Collaboration will be developed within the fields of nursing and health sciences, especially at postgraduate level.



The UFS and the Changchun University signed a certificate which confirms their intent to collaborate in the future. Present at this occasion were, from the left: Prof. Leticia Moja, Dean: Faculty of Health Sciences, Prof. Francois du Toit, professor in Sociology at the Changchun University, and Prof. Teuns Verschoor, Vice-Rector: Academic Operations.

Geology talks about mining exploration



About 300 students and scientists attended a seminar on mining exploration and the advantages of interdisciplinary sciences in South Africa. The seminar was presented by the Department of Geology. Some of the guests were, from the left: Mr Rabelani Dabishi, second-year student in Geology, Ms Alida Litthauer, Honours student in Geology, Mr Pieter Mienie, Kumba Iron Ore, Mr Rudzani Maumela, first-year student in Geology, and Prof. Willem van der Westhuizen, head of the Department of Geology.

Teologie-fakulteit het ook studente in die weermag

Twee weermaglede het die Fakulteit Teologie se kort kursus in kerklike bediening voltooi. Die kursus wat oor twee jaar strek is deur studente van sover as Durban en Lesotho bygewoon. Ook merkwaardig is die Chinese studente wat die Chinese weergawe van die kursus voltooi het.

Sers. Zane van Heerden en korp. Nathanielson Matodlana is beide verbonde aan die Algemene Steunbasis by Tempe en het vanjaar hulle sertifikate ontvang. Die trotse sers. Van Heerden en korp. Matodlana het gesê: "Ons sou graag wou sien dat nog weermaledede die kursus voltooi."

Ds. Johan Botha is die koördineerder van hierdie kursus in die Fakulteit Teologie. Dit word landswyd aangebied met die hulp van verskeie medewerkers.



By die sertifikaatoorhandigingsremonie was, van links: Prof. Hermie van Zyl, Dekaan: Fakulteit Teologie, korp. Nathanielson Matodlana, SANW, sers. Zane van Heerden, Suid-Afrikaanse Nasionale Weermag, en ds. Johan Botha, koördineerder van die sertifikaatkursus.

UV ken eredoktorsgrade toe

Die Raad van die UV het besluit om eredoktorsgrade toe te ken aan die argitek prof. Bannie Britz en die skrywer mnr. Khotso Pieter David Maphalla.

Prof. Bannie Britz word vereer vir sy bydrae tot argitektuur en mnr. Maphalla vir sy bydrae tot die ontwikkeling van die Sotho-taal en -kultuur. Prof. Britz is in 1992 aangestel as Professor en Hoof van die Departement Argitektuur aan die UV. Hy is lid van verskeie professionele organisasies en het 17 merietetoekennings ontvang. Ander toekennings sluit in 'n Goue Medalje vir Argitektuur en 'n uitnemendheidstoekening deur die Instituut van Suid-Afrikaanse Argitekte. Prof. Britz is ook deur die SA Akademie vir Wetenskap en Kuns vereer.

Mnr. Maphalla is 'n produktiewe Sotho-skrywer en het deur sy poësie, romans, dramas en kortverhale 'n betekenisvolle bydrae tot die ontwikkeling van die Sotho-taal en -kultuur gemaak. Die meeste van sy boeke is landwyd vir hoërskole voorgeskryf. Sy versamelde werke word steeds as naslaanwerke vir literêre studie in departemente vir Afrikaanse literatuur gebruik.

Dosente ontwikkel eie diensleermodules

Prof. Magda Fourie, Viserektor: Akademiese Beplanning, het sertifikate aan UV-dosente wat in 2006 deelgeneem het aan die nasionale program vir kapasiteitsbou in Diensleer, oorhandig. Die program word befonds deur die Joint Education Trust (JET) Education Services (vir die CHESP-inisiatief).

Hierdie dosente het, as deel van hulle befondingsvoorwaardes, die Diensleer-module in die meestersprogram in Hoërondwysstudies, suksesvol voltooi. Die module is aangebied deur dr. Mabel Erasmus van die Sentrum vir Hoërondwysstudies- en Ontwikkeling (SHOSO), me. Luzelle Naudé van die Departement Sielkunde en mev. Ielse Seale van die Skool vir Verpleegkunde. Ander dosente wat aan die program deelgeneem het, is mev. Brenda Coetzee, Departement Menslike Bewegingskunde, mev. Rulani Rossouw, Sentrum vir Rekeningkunde, mev. Tiana van der Merwe, E-leer en Bedryfsielkunde, mev. Lynnette van Dyk, Skool vir Verpleegkunde en dr. Idalia Venter, Skool vir Verpleegkunde.

Die sewe dosente het gedurende die opleiding elk 'n eie Diensleermodule ontwikkel. Die befonds-

sing word aangewend vir doseer- of administratiewe hulp vir die betrokke dosente, en/of deelname aan 'n toepaslike konferensie.



By die oorhandigingsfunksie was, van links: me. Lindie Coetzee, Departement Kriminologie, mev. Ielse Seale, Skool vir Verpleegkunde, en prof. Magda Fourie, Viserektor: Akademiese Beplanning.

“Elke land het die aantal misdadigers wat dit verdien.”



Prof. Dap Louw.

Prof. Dap Louw, Departementele Voorsitter van die Departement Sielkunde het by die simposium: “Serious Violent Crime in South Africa”, ’n voordrag gelewer. Hy het verwys na die 19de-eeuse kriminoloog Jean Lacasagne, wat gesê het: “Elke land het die aantal misdadigers wat dit verdien.”

Volgens prof. Louw vind die publiek nie altyd aanklank by dié benadering nie. “Die mens aanvaar nie maklik skuld nie, maar is eerder geneig om skuld op ander persone of situasies te projekteer. Toe P.G. du Plessis destyds gevra is of die Waterklowers in Pretoria nie vir hom woedend is omdat hy so die spot met hulle dryf in ’n *Seder val in Waterkloof* nie, het die skrywer geantwoord: “Nee, intendeel, elke Waterkloower wat ek raakloop, wens my geluk omdat ek sy buurman so goed beskryf!”

“Die situasie raak baie minder humoristies wanneer elke gemeenskapslid gevra word om na sy aandeel in ons onaanvaarbare misdaadsituasie in Suid-Afrika te kyk. Daar is baie voorbeelde van hoe baie Suid-Afrikaners tot die misdaadtragedie in die land bydra. Die meeste van ons definieer ’n misdaad as ’n oortreding waaraan hy of sy self nie skuldig is nie. Vra jy vir die gemiddelde

Suid-Afrikaner watter soort misdade na verwagting tussen 18 000 en 25 000 sterftes in 2007 gaan veroorsaak, sal daar min persone wees wat verkeersoortredings by hul lysie voeg. Die persepsie is dat dit nie die dood van ’n persoon is wat belangrik is nie, maar eerder of die instrument ’n vuurwapen of ’n voertuig was.

“Dit is kommerwekkend dat ons kinders met dubbele standaard groot word. Dit is vir baie aanvaarbaar as jy sterk bedwelmd is - die voorwaarde is egter dat dit weens alkohol moet wees (tog nie van ’n ander dwelmmiddel soos dagga). Alkohol speel ’n rol in ongeveer 60% van alle misdaad, in 75% van aanrandings op die eggenote en in die meerderheid van sterftes op paaie. In 2002 is daar ongeveer een miljoen geweldsmisdade in Suid-Afrika gerapporteer waar die oortreder tydens die misdaad onder die invloed van alkohol was. Die mees tragiese is die miljoene kinders en eggenotes wat weens drankmisbruik in geheimhouding in hul huise getraumatiseer word.

“Ons verwys maklik na lande soos Irak, Iran en Saoedi-Arabië waar die misdaad laag is en skryf dit dan aan hul streng wetstoepassing toe, soos moordenaars wat in die openbaar tereggestel

word en diene wie se hande afgekap word. “Dis nou wat ons hier by ons ook moet doen. Bring terug die doodstraf!” sê baie. Twee belangrike faktore wat tot ’n lae misdaadsyfer in lande soos dié aanleiding gee, word gerieflikheidshalwe verget: Alkohol is totaal verbode in hierdie lande en ’n groter persentasie mense in daardie lande maak baie meer erns met hulle geloof as wat hier die geval is.”

Prof. Louw sê: “’n Groot tragedie van mense is hul onvermoë om te besef dat die toekoms in ’n groot mate deur die hede bepaal word. Suid-Afrika het ’n baie langer geskiedenis van geweld as bloot sedert 1994. Politieke beleide is met geweld op onwillige mense afgeforceer en kinders het grootgeword in omstandighede wat volgens alle navorsingsdata ’n uiters vrugbare groeibodem vir toekomstige geweld en misdadigers geskep het.

“Die tragiese situasie waarin Suid-Afrika se kinders hulle bevind, duur steeds voort. Ongeveer 40% van ons land se kinders leef in armoede, twee miljoen lei elke dag honger; minstens 1 000 kinders word jaarliks vermoor; meer as 20 000 kinders word jaarliks verkrag (ongeveer 40% van alle gerapporteerde verkrachtings); duisende kinders leef en werk op straat; 30% van alle gerapporteerde selfmoordgevalle is kinders; ongeveer twee miljoen Suid-Afrikaanse kinders sal in die volgende 10 jaar wees gelaat word as gevolg van hul ouers se dood aan MIV/Vigs en miljoene kinders word emosioneel en fisies (insluitend seksueel) misbruik en verwaarloos deur ouers en ander volwassenes, meestal binne die familiekring.

“Ons is daarvan bewus dat kinders in hierdie omstandighede grootword. Ons weet ook dat die omstandighede ’n vrugbare teelaarde vir toekomstige misdadigers stel. Steeds vind ons dit onverklaarbaar dat die misdaadsyfer so hoog is. Eiebelang oorheers en die behoefte om op ’n tasbare wyse na minder bevoorregte kinders uit te reik, kom nie in die meeste van ons verwysingsraamwerk voor nie. ’n Swak inkomste word gedefinieer as dit wat ek van my werkgewer ontvang - nooit as dit wat ek aan my huishulp en tuinwerker betaal nie.

“Ek was nog altyd van mening dat die Bybelse opdrag van “haal eerder die balk uit jou eie oog” ’n groot sielkundige waarheid inhou. Al gee ons net die eerste tree deur die splinter uit ons eie oog te haal,” sê prof. Louw.

Philosophy hosts forum on African, South African university



The Department of Philosophy hosted an open forum to debate the concepts of a South African and an African university. Two guest speakers were invited to introduce the topic: Dr Achille Mbembe (right), Senior Researcher at the Wits Institute of Social and Economic Research, and Mr Andre Zaaiman (left), an ex-student of the UFS, who has been involved in various democracy initiatives in Africa for more than ten years and is currently an adviser to President Mbeki. With them is Mr J.C. van der Merwe of the Department of Philosophy, who facilitated the discussion.

Kinderinligtingsentrum vier 21 jaar



Die Departement Pediatrie en Kindergesondheid aan die UV het die mondigwording van sy Kinderinligtingsentrum op die Hoofkampus in Bloemfontein gevier. Die departement vier ook vanjaar Downsindroom-bewustheidsjaar. Van die kinders met Downsindroom wat oor die jare deur die inligtingsentrum behandel is, het ook die verrigtinge bygewoon. By die geleentheid was, van links, voor: Ruben Erasmus, mnr. Dawid Meyer, Skoolhoof van Brandwag Primêre Skool, Simoné Titus, Fred de Bruyn; agter: Luan Swanepoel, gasspreker van Twane Eldorado Sekondêre Skool, Tineke Hattingh, me. Dorothy Russell, Arbeidsterapeut en Hoof van die Bloemfontein Kinderinligtingsentrum.

Aanstellings en bevorderings

Aanstellings

- Mnr. J.T. Potgieter**, as Lektor, Bestuurskool
Dr. L.J. Erasmus, as Senior Lektor, Departement Diagnostiese Radiologie
Dr. M.F. Adamjee, as Senior Lektor, Departement Oftalmologie
Dr. R. Steyn, as Senior Lektor, Departement Ortopedie
Me. Y. van Niekerk, as Senior Lektor, Departement Staatsreg en Regsfilosofie
Mnr. P.S. Brits, as Lektor, Departement Handelsreg
Mnr. S.W. Carstens, as Lektor, Departement Landbou-ekonomie
Mnr. T.I. Blkandjiev, as Lektor, Departement Musiek
Dr. P.J. de Bruyn, as Senior Lektor, Departement Chirurgie
Dr. M. Reyneke as Senior Lektor, Departement Anesthesiologie
Dr. D.H. Odendaal as Senior Lektor, Departement Ortopedie
Dr. D. Masia as Senior Lektor, Departement Obstetrie en Ginekologie
Dr. W. Meintjes as Senior Lektor, Departement Psigiatrie
Dr. M.F. Maleka as Lektor, Departement Plantwetenskappe
Mnr. W. Nel as Lektor, Departement Rekenaarwetenskap en Informatika
Prof. J.M. Laubscher as Medeprofessor, Departement Landbou-Ekonomie
Mnr. J.D. Kruger as Akademiese Bestuurder, Onderrig en Leer, Fakulteit Natuur en Landbouwetenskappe
Dr. J. Steyn as Senior Lektor, Dekaan skantoor Fakulteit Teologie
Prof. B.G. Willemse as Departementele Voorsitter, Departement Landbou-Ekonomie

Bevorderings

- Prof. P. Burger** van Medeprofessor na Professor, Departement Ekonomie

Aftredes


- Prof. F.D.I. Hodgson**, Direkteur, Instituut vir Grondwaterstudies.
Mnr. B.J. Buytendag, Adjunk-direkteur, Akademiese Studentedienste



Hou ons kampus netjies!

Die brief verwys na die pragtige leiklip kunswerk van Elly Holm wat deel uitmaak van die suidelike front van die Landbougebou met 'n vierkantige gomkol wat dateer uit die tyd van die 2006 SR-verkiezing omdat een van die "partye" 'n werwingsplakkaat daar geplak het. Kan die SR nie reël dat dit verwyder word nie? Kan die SR nie ook toesien dat plakate slegs op plekke aangebring word wat spesifiek daarvoor ontwerp is nie?

In die volgende foto is 'n klomp rommel ook te sien. Vullishouers is net 20m weg! Ek dink dit is tyd dat dit aan die studente tuis gebring word om die kampus netjies te hou. As hulle nie omgee om in 'n varkhok te leer nie is dit nie te sê dat die personeel tevrede is om in een te werk nie.



Dr Santie visits the Netherlands

Dr Santie van Vuuren, Head: School for Allied Health Professions visited the Hogenschool Zuyd as well as the Maastricht Universities in the Netherlands.

She gathered information and gained insight on research for the possible establishment of a skills laboratory for Occupational Therapists at the UFS. Dr Van Vuuren also presented a guest lecture regarding Community Occupational Therapy while visiting these universities.

Internasionale konferensie oor Sielkunde-onderrig in Suid-Afrika by UV aangebied




Die Departement Sielkunde aan die UV het 'n nasionale konferensie oor die onderrig van Sielkunde in Suid-Afrika op die Hoofkampus in Bloemfontein aangebied. Met die konferensie is gepoeg om dialoog en debat oor Sielkunde by hoëronderriginstellings in Suid-Afrika te stimuleer, veral in die areas van onderrignavorsing en kritiese denke. Van die konferensiegangers is, van links: me. Melanie Winter, student in die Departement Sielkunde, prof. Dap Louw, Departementele Voorsitter van die Departement Sielkunde, prof. Dave Myers, Hoof van die Departement Sielkunde aan die Hope College in Michigan, Verenigde State van Amerika en koördineerder van die konferensie, en me. Melody Mentz, Junior Lektor in die UV se Departement Sielkunde.

Plantwetenskappe speel saam netbal



Die Departement Plantwetenskappe het 'n baie geslaagde netbaldag gehou waartydens nagraadse studente en personeel die geleentheid gehad het om mekaar op sosiale vlak beter te leer ken. Kompetisie was sterk, en oud en jonk het deelgeneem. Die skeidsregters, me. Sadie Geldenhuys en dr. Elizma Koen, het gesorg dat die reëls streng toegepas word. Die witspan het uiteindelik as wenners uit die stryd getree. Na die tyd is wors gebrui en gesellig saam verkeer.



Report fraud at hotline

You can assist the university to combat corruption and fraud. Phone the UFS's 24-hour fraud hotline at **0800 20 50 38**.

This is how the hotline works:

Step 1: Dial 0800 20 50 38 toll-free from any telephone. This number can be dialled 24 hours a day, seven days a week.

Step 2: You may call anonymously but ensure that you give all the information and details to the person who answers the telephone.

Step 3: You will be given a reference number – keep this confidential as you will need this number if you make a follow-up call.

KPMG Ethics Line operates the hotline. The calls are answered and the information recorded by persons not employed by the UFS to ensure that confidentiality is maintained at all times. Even if you decide to provide your name, the information and your identity will remain confidential.

Personeel ontspan op welstandspiekniek



Personeel aan die UV (Hoofkampus) het op die grasperk onder die bome voor die ou kafeteria gekuier tydens 'n piekniek wat deur die Welstandskomitee gereël is. Die Departemente Musiek en Beeldende Kunste aan die UV het gesorg vir 'n ontspanne atmosfeer deur middel van musiek en 'n kunsuitstalling. By die piekniek was, van links mee, Christa Heyns, Wilma Venter, Lorraine van Wyk, Carine Beckmann, en Hester van der Berg van SA Media op kampus.

Publikasiebesonderhede

Dumela word saamgestel deur die Afdeling: Strategiese Kommunikasie.

Redakteur: Leonie Bolleurs

Uitleg: Chrysalis Advertising & Publishing

Drukwerk: PrintAbility

Menings wat in Dumela gelug word, weerspieël nie noodwendig die van die redakteur, Afdeling: Strategiese Kommunikasie, of die UV nie.

dumela.stg@mail.uovs.ac.za

<http://www.uovs.ac.za/publications>
<http://www.uovs.ac.za/publikasies>

Adresplakker

Geheuestokkies vergemaklik brailleuringsproses



Mnr. Andre Liebenberg van Rectron het 20 geheuestokkies van hoë-gehalte aan die Eenheid vir Studente met Gestremdhede oorhandig. Volgens me. Ronelle Ceronio, hoof van die Eenheid vir Studente met Gestremdhede sal die toerusting veral aangewend word in die intensiewe brailleuringsproses van materiaal vir die groot aantal blinde studente op kampus. By die oorhandigingsseremonie was, van links: me. Refiloe Seane, Direkteur: Kopsievoorigting, mnr. Liebenberg, me. Ceronio, en mnr. Sakkie Janse van Rensburg, Direkteur: Rekenaardienste.